
Die KEKKELBEK *nuusbrief*

# DIE KEKKELBEK

## NUUSFLITSE

**JAARGANG: 28 UITGAWE: 5**

SUID AFRIKAANSE WOONWA ASSOSIASIE




WET IS DRY
100% WATERDIG & 100% VENTILEREND MET ion-mask TEGNOLOGIE
V-Lite Altitude Ultra WPi
Ook beskikbaar in
V-Lite Mt. Nevis WPi
V-Lite Cypress WPi
V-Lite Mach 2.0 Low WPi
HI-TEC®
Ontdek meer by www.wetisdry.com
met ion-mask WPi tegnologie
Skakel gerus die Hi-Tec kantore om u naaste verskaffer te vind. Johannesburg: (011) 516-5800 Kaapstad: (021) 555-0707



# SAWA STREEK VAALRIVIER

**April 2009**

INHOUDS OPGAWE

**3 Redaksie**

4 Boekevat

5 Voorsitter

6 Algemeen / volgende kamp / advertensie

7 Kampe 2009

8 Foto blad

9 Foto blad verv.

10 Foto blad verv.

11 Foto blad verv.

12 Resepte

13 Vorige Kamp

14 Pensioenaris hoekie.

15 Lief en Leed, Verjaardsdae, huwelikherdenkings

16 Vaaldriehoek Bestuur

17 Wenke /Grappie

18 Nuwe Webwerf

19 Webwerf verv.

20 Breyani resep



Goeie dag Sawanant,

Dinge is besig om te gebeur in streek Vaalrivier. Die elektroniese media word nou benut vir beter kommunikasie tussen al hoe meer van ons gewone lede en bestuur.

Die vorige Kekkelbek is elektronies aan meer as dertig lede gestuur. Dit was 'n groot stap in die regte rigting met die kommentaar op een uitsondering na baie positief. Baie dankie, dit is lekker om terug te kyk op 'n goed beplande projek wat suksesvol afgeskop het.

Ons doen 'n beroep op elkeen wat nie hierdie uitgawe van die Kekkelbek elektronies ontvang het nie en wel oor epos fasaliteite beskik om 'n epos aan ons te stuur na SL22@telkomsa.net sodat ons databasis bygewerk word om vinnige bestuursbesluite effektief aan u te kommunikeer.

Mahlie en Hanrick Schoulze het goedkeuring van bestuur sowel as NUB gekry om voort te gaan met ons webwerf www.vaalrivier.co.za. Ons wens hulle alle sukses toe. Sien asseblief bladsy 18 hoe om te registreer en deel in alles wat aangebied word. Daar kan nog baie uitbreiding kom, maar dan moet julle betrokke raak.

Die jaar is nou regtig goed op dreef en oor vier maande is dit alweer AJV en die nominasie lyste behoort beskikbaar te wees vanaf die Kroonpark naweek. Daar gaan seker 'n paar poste vakant wees, maar dit staan u vry om lede te nomineer vir enige pos. Die persoon wat genomineer word moet egter bereid en bevoeg wees om dit te doen wat die pos van hom/haar vereis. Uit eie ondervinding is dit opwindend om op die bestuur te dien en deel te wees van dit wat ons na aan die hart le. Daar is genoeg dinamiese mense in ons streek om Vaalrivier steeds een van die grotes te hou waarop ons kan trots wees.

Ons hoop en vertrou dat ons julle almal by die volgende kamp gaan sien. Dit gaan 'n heerlike langnaweek wees met 'n balans tussen rus, ontspan, kuier en bederf.

SAWA Groete.

Redaksie.



# BOEKEVAT

## Tien Beloftes

### Eerste belofte

As Ek die eerste plek in jou lewe inneem, sal jy geen ander gode wil dien nie, want Ek sal die ereplek in jou lewe hê!

### Tweede belofte

As Ek in jou hart woon, sal dit nie nodig wees om gesnede beelde van My te maak nie, want jy sal self My beeld dra!

### Derde belofte

As jy My liefhet, sal My naam nooit 'n vloekwoord oor jou lippe kan wees nie, maar in alle omstandighede deur jou eerbiedig en gerespekteer word!

### Vierde belofte

As Ek die ereplek in jou lewe het, sal Sondag die hoogtepunt van die week vir jou wees. Dit sal vir jou 'n vreugde wees om in die Gemeenskap van die heiliges My te aanbid. 'n Dag om na uit te sien, nie om teen op te sien nie!

### Vyfde belofte

As Ek in jou lewe is, sal dit vir jou 'n voorreg wees om jou ouers te eer en lief te hê. Dit sal nie vir jou moeilik wees nie, want agter Hulle sal jy My sien wat hulle vir jou uitgekies het!

### Sesde belofte

As jy my liefde jou eie gemaak het, sal jy nooit iemand wil seermaak of haat nie, wat nog te sê doodmaak!

### Sewende belofte

As jy My liefhet, sal dit nie moeilik wees om aan jou lewensmaat getrou te wees nie. As Ek 'n plek in jou huwelik het, sal julle vir mekaar lief wees en julle geluk sal ek in my hande bewaar en vashou!

### Agtste belofte

As Ek op die troon van jou lewe sit, sal jy daagliks vra: 'Aan wie en waar kan ek aan 'n ander iets gee en jy sal nooit iets van 'n ander wil neem nie?'

### Negende belofte

As Ek in jou lewe is, sal dit nie meer vir jou lekker wees om van 'n ander kwaad te praat nie. Deur my gees sal jy 'n mens wees wat van 'n ander niks sal sê as dit nie iets goeds is nie!

### Tiende belofte

As jy een met My is, sal My gees jou tevredenheid gee om vergenoegd te wees met wat jy het, met die besef dat God gee soos wat jy nodig het en wat Hy gee, gee Hy altyd genoeg sodat jy niks sal kortkom nie!

## *Gebed*

*Here, ons het 'n moeë generasie geword!*
*Ons is moeg gewerk, moeg vir probleme,*
*Moeg vir mense. Ons het veral moeg geword Om alles altyd reg te doen.*
*Om aanvaarbaar te wees, móét ons*
*Suksesvol, begaafd en finansieël sterk wees*
*Met duidelike doelwitte.*
*Verder moet ons goeie ouers, lojale vriende,*
*Toegewyde familiemense*
*En betrokke gemeenskapwerkers wees*
*Sjoe, dis 'n oorvol mondvol!*
*Vandag wil ek sommer net by U kom rus*
*En vra dat U my die regte prioriteite sal wys.*
*Sal U my help onderskei tussen die dinge*
*Wat regtig saak maak en die*
*Dinge wat die wêreld ons probeer voorskryf?*
*Ja, help my om te weet wat vir U belangrik is.*
*Maak huis skoon met my, Here.*
*Verwyder die selfopgelegde eise*
*In my oorvol lewe*
*En leer my om sommer net U kind te wees.*
*In U naam vra ek dit,*
*- Amen*



# *Voorsitter verslag :*

Goeie dag Sawanante.

Ek hoop en vertrou die skrywe vind julle in goeie gees en gesondheid.

Dit alweer daardie tyd van die jaar met die seisoen wat nou aanbeweeg het herfs toe en die winter wat ons stadig maar seker bekruip. Dit bring ook weer die ellendige verkoues en griep. Ons wil graag hê julle moet elke kamp saam met ons kamp en daarom is dit voordelig dat julle nou julle griep inspuitings gaan kry. So bly julle gesond en ons sien baie van julle by die volgende kamp!!

Die volgende kamp is by Kroonpark in Kroonstad. Ek weet nie van julle nie maar ek het nogal baie goeie herinneringe van die plek. Ek weet die plek was vir 'n rukkie in verkeerde hande en het toe baie agteruit gegaan. Maar daar is onlangs weer geld ingestoot en volgens ons informasie is die plek weer op standaard. Ek wou in Desember daar gaan kamp vir 'n naweek net om te sien of dit waar is maar kon nie plek daar kry nie. Dit sê vir my die plek het weer die aantrekkingskrag van ouds terug gekry.

Die jag kompetisie fondsinsameling is op dreef maar dit gaan nie so goed op die stadium nie. Ek weet nie of dit die ekonomie is wat druk nie maar die geld kom net nie in nie. Die prys se waarde is meer as R5000 maar ons is op die stadium ver onder dit. Ek was laasweek deur die borg van die kompetisie genader om die kompetisie se trekking te vervroeg sodat hy vroeër reëlings kan tref met die wenner i.v.m. datums. Dit lyk of hy baie besprekings het die seisoen en om sy reëlings te vergemaklik wil hy gouer die saak afhandel. **Met permissie wil ek dan die datum van die trekking skuif na die voorsitters tee van 26 April. Sal julle dan almal net seker maak dat ons die boekies en geld kry voor of tydens die kamp by Kroonpark.**

Dalk kan julle 'n laaste poging aanwend om nog so 'n paar kaartjies te verkoop. Ek weet nie wat ons vir julle kan aanbied tydens die AJV met die beperkte fondse nie.

Met die oog op die AJV in Augustus, moet ons ook weer nominasies kry vir die bestuurs posisies in ons streek. Julle kan nominasies maak vir enige van die posisies. Ek wil vra dat julle helder hieroor sal dink en seker maak dat genomineerdes die tyd en karakter sal hê om sodanige posisies vol te staan. Dit word dan nou aan julle oorgelaat om te besin oor wie julle aan die bestuur van julle SAWA sake wil hê vanaf Augustus. Die posisies waar indikasies was dat die huidige persone nie graag meer wil aangaan nie is: Redaksie, Skakeling, Sekretaresse en Voorsitter. Ek het besluit dit sal voordelig vir die klub wees om liewers iemand as voorsitter te hê wat meer tyd kan spandeer aan sake rakende ons klub. Dit is soms verskriklik stresvol om te weet dat jou eerste verpligting [jou werk] jou soms nie toelaat om aandag aan SAWA sake te gee nie. Dit skep nie 'n goeie beeld nie en daarom het ek besluit dit sal die beste wees dat ek nie weer sal staan vir die volgende termyn nie. Ek sal steeds betrokke wil bly maar net as gewone lid.

Geniet julself en onthou….ons lewe net een keer. Maak die beste daarvan!
***Francois x x x***

## VOLGENDE KAMP

APRIL Kroonpark (Langnaweek) 24—27

DOEDIE KAMP / POTJIEKOS.

R68 vir staanplek + R17 per persoon.

Plus R10 vir plaatjie.

..................................................................................................

**Kroonpark is in Kroonstad**

**Die toltariewwe op pad na Kroonpark is as volg:**

**Vir diegene wat vanaf die Rand kom.**

**Grasmere Mainline R12**

**Vaal Parys R38**

Die maklikste manier om daar te kom is soos volg:

Ry met N1 na Kroonstad.

Bly op N1 tot oor die Vals rivier.

Neem die volgende afrit [R721]

Draai regs oor snelweg en ry aan tot by Van der Lingen straat.

Draai daar regs en ry aan tot met die eerste afdraai links.

Ry tot by hek aan linkerkant.

Voorlopig oor die kamp

Vrydag 19h00—Boekevat en saambraai.

Saterdag 09h00—Boekevat en betaaltyd.

17h00-18h00 potjiekos be-oordeling.

Sondag Kinderkerk, kerk en voorsitters tee en miskien iets te smul.


***ADVERTENSIE***

1982 Mazda 323 ,1300 elke dag in gebruik masjien nuut opgedoen. R14,500 of naaste kontant aanbod.

Skakel Wilkie 072 294 7270 of Ansa 072 532 1456


## ALGEMEEN

1.

Baie geluk en sterkte aan Mahlie en Hanrick met die nuwe Webwerf en u word uitgenooi om deel te neem en deel te wees van hierdie nuwe kuber proses. Sien berig elders.

2.

Die nuwe banier is gemaak en gehaal en lyk glo pragtig. 'n Helen van der Westhuizen ontwerp en ons kan nie wag om dit te sien nie.

3.

Daar is nuwe verwikkelige op die SAWA webwerf

Die adres is www.sawa.org.za

Klik dan op "Vaalrivier" en sien wat is aan die gebeur. Besoek gerus die ander streke ook

4.

**Onthou asseblief julle jag boekies Trekking gaan die naweek plaasvind met voorsitters tee.**

5.


Die be-oordeling van die potjiekos sal op die kos wees en nie op hoe dit voorgesit of aangebied word nie.

6.

Baby Johnson het bedank uit Vaalrivier as gevolg van haar woonwa wat sy verkoop het

7.

Dailin de Oliveira het op die 9de Februarie verjaar en is nie genoem in die vorige druk.



HENBERG VAALPARK CC/BK
CK2001/032261/23
MELORANI GEBOU, STORMBERGSTRAAT,
POSBUS 63322, VAALPARK, 1948
TEL: 016-971-2342



Ons is die antwoord op al jou televisie,
Videomasjiene, satelietdekodeerders en
antennastelsels. Geen probleem is te klein of
te groot vir ons opgeleide tegnikuste nie.
Ons doen ook kwotasies vir al die groot versekeringsmaatskappye.
Ons werk enige plek in die vaaldriehoek, TEEN Geen ekstra kostes .
ONS VERKOOP OOK 'N GROOT VERSKEIDENHEID ELEKTRONIESE
ONDERDELE. WAT ONS NIE HET NIE , SAL ONS VIR U KRY.
SPESIALE DIENS EN PRYSE VIR ALLE SAWANANTE—SKAKEL DIREK MET DIE EIENAAR.



HENNIE OBERHOLZER - Tel 016-971-2342

## Kampe 2009

| | | Oord | Tema | Tarief | Opmerking |
|---|---|---|---|---|---|
| 23-25 | Januarie | AMIGOS | VISVANG | R 260.00 | As meer as 20 woonwaens, anders R280.00 en R100 vir Donderdag as vroeër arriveer. |
| 20-22 | Februarie | SUIKERBOSRAND | | R 115.00 | Per nag vir eerste 4 persone. Getroude kinders en gaste R40 per persoon per dag |
| 13-15 | Maart | KOPPISOL | GEBIED | | Het nog nie die tarief nie. |
| 10-13 | April | POTCHDAM | PRESIDENTE | R 450.00 | R100 per nag as vroeër arriveer. Bespreek |
| 24-27 | April | KROONPARK | | R 68.00 | per nag + R17.00 per persoon |
| 22-24 | Mei | KLIPDRAAI | | | Het nog nie die tarief nie. |
| 12-16 | Junie | Eastco Magalies | | R 150.00 | per nag / Bespreking |
| 28-30 | Augustus | KOPPISOL | AJV | R 240.00 | Bespreking |
| 25-27 | September | BLOEKOMPOORT | | R 150.00 | Naweek tarief |
| 23-25 | Oktober | KOPPISOL | GEBIED | | Het nog nie die tarief nie. |
| 27-29 | November | SUIKERBOSRAND | KERSBOOM | R 115.00 | Per nag vir eerste 4 persone. Getroude kinders en gaste R40 per persoon per dag |

# FOTO BLAD TE SUIKERBOSRAND



# FOTO BLAD TE SUIKERBOSRAND (Vervolg)




**Die oord en toekennings met voorsitters tee**

# GEBIEDKAMP FOTO BLAD TE Koppisol—Toeka tot nou




**Uitstalling van ou woonwaens en ou voertuie**

# GEBIEDKAMP FOTO BLAD TE Koppisol (Vervolg)



## Ontbyt: Vetkoek en kerriemaalvleis

- 4 kg brooddeeg, of maak jou eie:
- 20 koppies meel
- 500g - 750g botter / margarien
- 20 eetlepels suiker
- 10 eiers
- 5 teelepels koeksoda en sout na smaak
- suur- of varsmelk om mee te meng

Meng droë bestandele, behalwe koeksoda. Frummel botter daarin. Meng koeksoda met bietjie melk tot pasta. Klits eiers en voegkoeksodamengsel daarby. Knie goed deur, rol uit en sny in vierkante of sirkels en bak in diep olie.

- 3kg maalvleis
- 3 gekapte uie
- 3 blikke 410g tamatie-en-uiesmoor
- 3 blikke 410g gemengde groente
- kruie, sout, peper
- Kerrie na smaak

Braai ui, skep uit. Braai maalvleis tot gaar en voeg res van bestandele en gaar ui by. Bedien saam met vetkoek. Hou ook die stroop/konfyt en kaas byderhand vir die laaste vet-koek om die ete mee af te sluit.

## Sampioen-Ontbytbakkie

Benodigdhede :

GROOT bruin sampioene

Klein eiers

Repies spek – rek dit so lank as jy kan sonder om dit te breek

Speserye na smaak

Metode : Neem groot bruin sampioene breek stingels af ( pasop dat jy nie 'n gat regdeur maak nie)

Neem 4 repies spek en maak 'n kruisvorm.

Sit nou sampioen in die middel van die spek

Neem 'n eier en gooi stadig in sampioenholte.

Gooi speserye na smaak op

Vou nou die sampioen en eier toe met die spek.

Braai in 'n pan tot gaar. - *Liza van der Merwe*

## Pasta a la Boere *Elsabe van Zyl*

Bestanddele

350 gram maalvleis

1 kleinerige ui, fyngekap

2 eetlepels olyfolie

250 ml droë witwyn

1 eetlepel botter

250 ml room - hoe dikker hoe beter

125 mg parmesan /cheddar

Metode

Knie die vleis tot dit so los as moontlik is. Braai die ui in die olyfolie en botter tot dit so 'n goue kleur begin kry. Voeg nou die maalvleis by en roer tot die vleis effe begin verkleur. Gooi nou die wyn by. Is dit nie die wonderlikste reuk in die wêreld nie? Kook die wyn af, terwyl daar elke dan en wan geroer word. Dit behoort sowat 10 minute te neem.

Nou is dit tyd vir die room: voeg by en gee die pot 4 tot 6 draaie van die pepermeul. Maak die kole meer en kook, totdat die room dikkerig begin raak. Haal af en gooi oor die pasta , soos conchiglie (skulpiepasta) of penne. Rond af met parmesan/cheddar. Heerlik

## Chinese Braai

4 kg repies vleis (vark/bees/hoender)

4 kg 'Stir Fry' gevriesde groente

4 bottels 'Sweet & sour' sous en 1 bottel sojasous

sout en peper

5 koppies rys

Maak rys gaar in pot en roerbraai repies vleis en groente in skottelskaar. Bedien op rys en laat elkeen sous oorgooi volgens smaak.

*Danie - Egafrikaans*




Ons wil baie dankie sê aan almal wat lekker saam met ons gekamp het by Suikerbosrand. Die naweek was baie rustig, met die bedoeling dat almal net lekker saam kamp, saam kuier en ontspan. Vir ons as kampkommandantes was dit baie lekker om soveel ondersteuning te kry by al die aktiwiteite wat aangebied is...van Vrydagaand se lekker saam kuier om die kampvuur; die stappers wat die hitte getrotseer het om te gaan wandel Saterdagoggend; roomys eet; die rygby ondersteuners wat met mismoë saam rugby gekyk en verloor het! Weens die lekker weer, was die jeug maar 'skaars' en was omtrent 'uitgebraai' van al die swemmery en water aktiwiteite, wat weereens 'n bewys is dat Suikerbosrand tops is! Met verbassing was daar so baie jeug, dat daar amper nie genoeg stoele was by die Kinderkerk nie! Dit was ook baie lekker om weer baie ou gesigte te sien. Nogmaals baie dankie vir almal se ondersteuning! Groetnis tot die volgende SAWA Vaalrivier kamp te Kroonpark! Van Jimmy & Anzunette Volschenk + Johan & Elize Campbell (Kamp kommandantes)

## *Vorige kamp:*

Statistieke :Vaalrivier : 21

Besoekers : 0


Jimmy & Anzunette Volschenk
Elize Campbell & Sune



## *Die pensioenaris hoekie*

Goeie dag aan al ons Seniors.

Dit is met groot dankbaarheid en die genade van ons hemelse Vader dat ons in die bevoorregte posisie is om nog as vriende so heerlik kan saamkuier en kamp. Dit was maar baie nat toe ons by Kareekloof aangekom het. Gelukkig het ons 'n ou plekkie gekry waar dit nie modder was nie en die afloop van die water was so goed dat dit Saterdag sommer weer droog was. Nie dat ons kla oor die weer nie, want my gras by die huis het in daardie stadium al begin geel word. Die nag was maar redelik koud en ons het maar lepel gele tot laat die volgende oggend. Die res van die naweek het die weer gedraai en ons het Saterdagaand heerlik gebraai en gekuier tot laat—net jammer dat ons die rugby verloor het

Sondag se gebruiklike kerk en voorsitters tee het goed afgeloop en so ook die heerlike skaap potjie wat my ou vriend vir ons aanmekaar geslaan het. Ons het eers laatmiddag vertrek met die gedagte dat die gebied kamp slegs drie weke weg was.

By Koppisol het ons weereens in die reën daar aangekom, nie geweet die plek is eintlik 'n dam nie, maar ons het darem mos die ondervinding en ons laat ons nie eens deur sneeu afskrik nie, miskien onthou julle nog daar in September 1981. Die sneeu was nog besig om te smelt toe ons by die destydse Keyterskloof kamp opgeslaan het en wat 'n heerlike naweek was dit nie, in my ou Sprite Alpinetjie wat maar baie basies was teen vandag se waens.

Terug by die werklikheid, die naweeek was ons net so duskant die tagtig woonwaens wat 'n goeie opkoms vir ons gebied was. Byna al die groot kanonne van die NUB was ook daar toe Pieter van der Westhuizen ons die aand welkom heet. Die wat nie daar was het regtig 'n groot geleentheid gemis met die viering van SAWA se veertigste bestaansjaar met ons gebied se tema " Van toeka tot nou" Daar was karre en woonwaens van ons kinderjare wat uitgestal was. Die dag het elke streek gesorg vir eetgoed en die aand het ons vir almal gewys hoe ons in die outyd 'n voorsitterstee gehou het. Dit was baie prêt.

Die aand is afgesluit met twee orkeste wat om die beurt vir ons musiek gemaak het en ons het heerlik gedans tot ons moeg was, en ja, Vaalrivier het vir ons vure voorsien om ons tjopie en worsie gaar te maak. Wonderlike kole wat hulle gebruik het toe ons net voor twaalf uit die saal kom was daar nog klomp mense wat 'n middernag braai gehou het,



Sondag het die dominie vir ons 'n treffende preek gelewer voor ons huiswaards gekeer het.

Hoop ons sien mekaar weer by Kroonpark en pak maar die warmklere in, die winter is amper hier.
Groete—*Skim*

SPEEDY TYRE & EXHAUST
Real People! Real Value! Real Speedy!
SHOCKS | TOWBARS | BRAKES
h/v Voortrekker & De Villierslaan
VEREENIGING
KOBUS BRAND
e-mail; speedyver@telkomsa.net
BRIDGESTONE
TEL: 016-421-2332/3
Fax: 016-422-3996
FIRESTONE

## Lief

Jimmey en Anzunette—nuwe woonwa

Johan en Elize—nuwe woonwa

Wilkie en Ansa word weer oupa en ouma

## Leed

Leanie Coetzee—Arm beseer

Kallie Enslin—Ongeluk

Johan en Susan du Preez—Skoonsuster oorlede

Annetjie Keyser—Moeder oorlede

Wilkens kleinkind was in hospitaal

Alida de Oliveira het operasie ondergaan.

Thys Cronje het gegaan vir skouer operasie

## Huweliksherdenkings :

### APRIL

| | |
|---|---|
| Willie & Kobie Schoultz | 5 |
| Fanie & Sandra Coetzee | 8 |
| Jimmy & Anzunette Volschenk | 8 |
| Kobus & Barbara Kamffer | 9 |
| Thinus & Louisa v d Linde | 13 |
| Johan & Elize Campbell | 16 |
| At & Martie Roux | 26 |
| Fanie & Ansan Bezuidenhout | 27 |
| Neels & Alta O'Kelly | 28 |


## VERJAARSDAE:

**APRIL: Dogters**

| | |
|---|---|
| Melissa Olivier | 5 |

**APRIL: Seuns**

| | |
|---|---|
| Ruaan Pretorius | 10 |
| MW van der Westhuizen | 3 |




## VERJAARSDAE:

**APRIL: Dames**

| | |
|---|---|
| Annetjie Kloppers | 4 |
| Louise van der Linde | 4 |
| Rose Botha | 5 |
| Henriëtte Haasbroek | 16 |
| Daleen Grobler | 21 |

**APRIL: Mans**

| | |
|---|---|
| Magiel Grobler | 9 |
| Gerhard van der Merwe | 12 |
| Dawid Smit | 13 |
| Attie Naude | 13 |
| Rassie van der Merwe | 18 |
| Charles Luff | 23 |
| Francois Symington | 26 |
| Piet Pieterse | 28 |

*Jannie sit een oggend op die sypaadjie met 'n bottel swembadsuur, besig om dit oor die miere uit te gooi soos hulle verbykruip.*

*'n Engelse priester loop verby, kyk die storie uit en vra: "Good morning, young man. What are you doing with that little bottle?"*

*"Ek brand die miere, oom."*

*Die priester dink dat dit bietjie gevaarlik is vir die laaitie om met sulke tipe van suur te speel en probeer dink aan 'n manier om Jannie te laat vaar van sy planne:*

*"I have a bottle of holy water here that you could put on the ants instead. I once put a drop of this on a woman's belly and she passed a child.."*

*"Daai's niks", se Jannie "ek het eenkeer 'n druppel van hierie goed op 'n hond se klokke gesit....*

*....... and he passed a Kawasaki "*

## GEBIED VAALDRIEHOEK

***VOORSITTER***
***PIETER VAN DER WESTHUIZEN***
W 016 980 3058
S 083 658 6263
F 086 633 1939
E-pos: wessie@cwi-wire.co.za

***SEKERETARIS:***
***TIENIE HERHOLDT***
S 083 304 0604
E-pos: tienie@absamail.co.za

| | | |
|---|---|---|
| Overvaal Voorsitter<br>PEET VAN DER WALT<br>H 016 987 2019<br>S 083 293 7905<br>F 016 987 3398 | NOFS VOORSTITTER<br>ROELF HARMSE<br>H 016 933 0517<br>S 078 457 2712<br>F 016 933 0706 | Riemland Voorsitter<br>LAMMIE VOS<br>H 058 852 1463<br>S 082 850 9582 |

**VAALRIVIER**

| | |
|---|---|
| **VOORSITTER**<br>**FRANCOIS PRETORIUS**<br>**W 011 371 6290**<br>**S 082 468 5972/084 468 5972**<br>**F 011 352 9050**<br>**E –pos:FPretorius2@fnb.co.za** | **ONDERVOORSITTER**<br>**HANRICK SCHOULTZ**<br>**S 082 458 2103**<br>**E –pos: Hanricks@gmail.com** |
| **SEKRETARESSE**<br>**MARIE VAN NIEKERK**<br>**W 016 950 6013**<br>**S 083 778 5020**<br>**F 016 950 6013**<br>**E-pos maraai20002000@yahoo.com** | **PENNINGMEESTER**<br>**SURINA POWER**<br>**W 011 636 3633**<br>**S 082 941 1121**<br>**F 011 636 9610**<br>**E-pos: Surina.Power@standardbank.co.za** |
| **JEUG**<br>**FRANCOIS & ARELENE KLOPPERS**<br>**H 016 422 6576**<br>**W 016 422 6576**<br>**S 082 877 8591**<br>**F 086 683 1286**<br>**Francois@paintshuttle.co.za** | **REDAKSIE**<br>**JOHAN en SUSAN DU PREEZ**<br>**H 016 341 4531**<br>**W 011 612 4547**<br>**S 083 566 7968**<br>**F 086 683 1286**<br>**E-pos : johan.dupreez3@transnet.net**<br>**E-pos : SL22@telkomsa.net** |
| **SKAKELING**<br>**ANZUNETTE VOLSCHENK**<br>**H 016 428 1961**<br>**W 016 889 3192**<br>**S 083 308 9318**<br>**F 016 428 3982**<br>**Anzunette.Volschenk@arcelormittal.com** | **TEGNIES**<br>**JOHAN en ELIZE CAMPBELL**<br>**S. 082 7820972**<br>**Johan.campbell@absa.co.za** |

Two Australian businessmen in Brisbane were sitting down for a break in their soon-to-be new store. As yet, the store wasn't ready, with no stock and only a few shelves set up.

One said to the other, 'I bet any minute now some idiot tourist is going to walk by, put his face to the window, and ask what we're selling.

No sooner were the words out of his mouth when, sure enough, a curious Japanese tourist walked to the window, had a peek, and in a thick Japanese accent asked 'What you sell?'

One of the men replied sarcastically, 'We're selling @$$-holes.'

Without skipping a beat, the Japanese man said, 'You doing velly well, only two left!'

In die vorige uitgawe het ek julle twee handige ***wenke*** belowe.

Die eerste een is vir diegene wat sukkel met in-groei toonnaels.—As jy voel die nael is gevoel-lig of sommer net eina na 'n dans of miskien daardie hoogmode skoene; Druk 'n stukkie watte onder jou toonnael in sodat dit oplig en probeer om die watte 'n dag of twee daar te los—die eina verdwyn sommer so vanself.

Die tweede is heeltemaal iets anders.

Hoe om pap te maak— Daar is baie mense wat probeer om pap te maak, maar min kry dit reg en die rede daarvoor is dat hulle nie weet van wat ek julle nou gaan vertel nie.

Kook jou water soos gewoonlik, gooi jou sout in soos gewoonlik wanneer water kook. So ook jou mielemeel. Dan die wenk— MOET NIE ROER voor so agt na tien minute nie—laat dit staan en kook met die deksel op. Dit geld vir alle soorte pap behalwe slappap waar die mieliemeel eers met koue water aangemaak word en dan in die kookwater ingeroer word.

Hierdie is seker die beste twee wenke wat ek in my lewe ontvang het.—Red.





**Grappie:** In 'n onlangse studie deur Wits is bevind die gemiddelde Suid-Afrikaner stap omtrent 1200km per jaar.

Intussen is in 'n studie deur die SA Mediese Vereniging bevind Suid-Afrikaners drink gemiddeld sowat 50 liter alkohol per jaar.

Dit beteken Suid-Afrikaners kry gemiddeld sowat 24km op 'n liter......!

Dit maak mens mos trots Suid-Afrikaans !!



**Vaalrivier webtuiste!**

Ons stel graag Vaalrivier se webtuiste bekend: www.vaalrivier.co.za

Ons moet dit ook net noem dat hierdie nie sommer net enige webwerf is nie, maar meer 'n kommunikasie middel vir ons streek. Hierdie is 'n interaktiewe webwerf, waar lede, bestuur en selfs gebied en nasionale bestuurslede 'n kans gaan hê om hulle insette te lewer.

*Die eerste keer*

Om te begin, gaan na www.vaalrivier.co.za in jou internet program.

Die skerm bestaan uit die volgende areas:
- Login
- Forum
- Statistics
- Who is online

Die eerste stap is om te registreer.

Kliek op die "Register" knoppie links bo aan die bladsy.




'n Skerm met die terme en voorwaardes sal verskyn. Kliek op "I agree to these terms and conditions".

Die registrasie skerm sal dan verskyn. Voltooi die nodige inligting, en kliek op "Submit".
LET WEL: Geen skuilname word toegelaat nie. Gebruik asb. jou naam en/of die eerste letter van jou van, of jou naam en van as "Username".
Maak ook seker dat die regte tyd zone gekies word, UTC + 2.

Die registrasie proses is nou voltooi, en u kan inteken.

Let asb. daarop dat u steeds beperkte inligting sal kan sien, totdat 'n administratiewe gebuiker die regte groep allokasies gedoen het. Die rede hiervoor is om binne SAWA se riglyne rakende advertensie van saamtrekke te bly.

*Vervolg op bl. 19*

*Vanaf bl. 18*

*Klaar geregistreer*

Kliek nou op “Login” regs bo aan die skerm.




Verskillende gebruiker groepe het verskillende toegangs vlakke. Vir Vaalrivier lede, is daar die volgende forums:

Nuut hier?
Gedagte vir die dag
Nuus
Om die kampvuur
Jaarprogram
Ons borge

Kliek op die titel van ‘n forum om die verdere gesprekke te sien. Om saam te gesels, kliek op “Post Reply”.




Tik die boodskap in die area voorsien, en kliek op “Submit”. Wag asb. vir die skerm met u boodskap om te laai om seker te maak dat die boodskap gepos is.

*Kontak ons*

Indien daar enige vrae of onduidelikheid is, is u meer as welkom om ‘n e-pos te stuur aan admin@vaalrivier.co.za of my te kontak op 083 381 9213 (sms’e ook welkom).

*Die juffrou sê vir Jannie om ‘n sin te maak met ‘oomblik’*
*Jannie haak af: ‘DIE KLEIN BLIK SÊ VIR DIE GROOT BLIK: ‘HALLO OOMBLIK’*





# Hot Vegetable Breyani

A quick way to make a great tasting breyani that can be enjoyed any time of the day.

Serves 4 | Preparation Time: 10 mins | Cooking Time: 20 mins

**Ingredients**

- 1 x 293 g box Knorr Rice Mate Mildly Breyani
- 3 ml dried chilli flakes
- 3 tomatoes, cubed

200 g frozen peas

- 
- 1 onion, chopped
- 50 ml fresh coriander, chopped
- 410 g tin chickpeas
- 3 carrots, sliced
- 800 ml hot water

15 ml oil

*Mag jou vyande naar word,*
*Jou drome waar word,*
*Jou beursie swaar word,*
*Jou goeie tye nooit klaar word*
*En jy vir ALTYD deur*
*Liewe Jesus bewaar word!*

**Instructions**

1. In a large saucepan, fry the onions and carrots in oil for 4 min
2. Add the sachet of seasoning mix, 800 ml hot water, and the uncooked rice and bring to the boil
3. Stir in the peas, chickpeas and cubed tomato
4. Reduce the heat and simmer for 15 min, stirring occasionally
5. Stir in the chilli flakes and simmer for a further 5 min
6. Top with chopped coriander

**INDIEN ONAFGELEWER POS AAN :**

**Die Redakteur : Roetsstraat 32**

**Rensburg - 1441**

*Kekelbek gedruk deur XEROX*